



# Die Olieelamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## REDAKSIONEEL

### Hoe groot is God se werke!

Liewe Leser,  
Staan stil. Of nee, sit stil. Kyk om jou rond. So ja ... wat sien jy? NEE! Wat sien jy regtig? Soms hardloop ons so deur die lewe dat ons nooit meer werklik stilstaan en luister en kyk na wat om ons aangaan nie. Kom ek deel 'n storie met julle ... 'n storie wat al 'n lang pad saam met oud-redaksielede loop ...

**Who is like God, Creator, Lord!  
In awe we worship You,  
Great and Mighty  
Eternal One,  
Who created the heavens  
And gave the earth its form,  
Almighty and omnipotent God.**

Dié woorde kom van 'n bordjie bo-op die Bainskloofpas. Bainskloofpas is 'n ongelooflike mooi omgewing en die uitsig van heel bo in die pas is asemwond. So moes die skrywer van die woorde ook gevoel het toe hy of sy hierdie bordjie daar opgerig het. Ongelukkig is die bordjie toegerank deur plante en sodoende versteek vir die gewone verbyganger. Die woorde wys dan ook hoe iemand God se skeppingswerk erken en raaksien.

Die bordjie is 'n hele paar jaar gelede deur van ons jeuglede opgemerk toe hulle met hul fietse deur die kloof gaan ry het. Ongelukkig sal die meeste mense dit miskyk. Net die opletende en die wat soms asem skep en stilstaan, sal dit raaksien. Dit is jammer dat dit so moeilik sigbaar is deur die toegegroeiende plante. Hoe nodig is dit nie dat ons herinner word aan die waarheid van die lewe!

Is dit nie ook so in ons lewe nie? Moet ons nie soms net stilstaan en asem skep voordat ons kan raaksien wat ons werklik het nie? Ons leef soms verby dit wat werklik saak maak. Is die mooi in jou lewe ook toegerank soos die bordjie in die kloof? Sien jy ook net die sleg om jou raak? Kyk jy met sinisme na die geweld, misdaadsyfers en stygende lewenskoste in ons land? Kyk weer. Dink twee keer voor jy kla. God leef en regeer, ook in ons land. Sien die mooi raak. Al is dit net die kosmos langs die pad werk toe, die blombeddings op pad universiteit toe of die teknikon se mooi tuine. **Psalm 111: 2,3,6** - "Die werke van die Here is groot; nagespeur word hulle deur almal wat daar 'n welbehae in het. "Sy dae is majesteit en heerlikheid; en Sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid..."

Die onlangse *Olieelamp*-meningsopname onder die jeug het baie interessante resultate opgelewer. Lees gerus die verslag daaroor. Onthou dat jy nie hoef te wag vir 'n meningsopname om jou mening te gee nie. Jy is meer as welkom om ons enige tyd te kontak.

Die bedreiging van pornografie in ons samelewing word bespreek na aanleiding van die seminaar wat onlangs aangebied is. Wedergeboorte en bekering was die laaste tyd die rede vir groot meningsverskille op jeugvereniging - uiteindelik werp iemand lig op die probleem. Mag die gedig op die agterblad ons almal inspireer om in liefde saam te leef en lees hoe die Daspoort-uitreik vir baie pret, plesier en bewusmaking van gewes gesorg het.

Lentegroete  
Tanya de Vente  
Pretoria-redaksie

### Jaargang 7 nr 7, Oktober 2003

#### INHOUD

Redaksioneel	1
<b>Uit Die Woord</b>	<b>2</b>
Wedergeboorte en bekering	2
Sondagsheiliging: Hoe vul ons die sondag in?	4
Tweede brief: aan die gemeente van Smirna	5
<b>Op Pad</b>	<b>6</b>
Stryd teen pornografie	6
Selfstandigheid	8
<b>Voel Jy Ook So?</b>	<b>9</b>
Hoekom is ek in die wêreld?	9
'n Groot geloof	11
Purified	12
<b>Ander</b>	<b>13</b>
Daspoort-uitreikprojek	13
<b>Deur Die Sleutelgat</b>	<b>16</b>
<b>Voetspore</b>	<b>17</b>
<b>Nog Iets</b>	<b>18</b>
Meningsopname 2003	18
<b>Gedigte</b>	<b>20</b>

## WEDERGEBOORTE EN BEKERING

**Nicoline Bijker**

Wedergeboorte en bekering is twee woorde waaroor mense al op Dinsdagaande op vereniging mekaar se hare wou uittrek, want ons praat van dieselfde woord, maar bedoel verskillende begrippe en praat daarom verby mekaar.

Wedergeboorte en bekering is stappe in die heilsorde. Die heilsorde is die weg waarlangs God die Vader die weldade wat sy Seun op die kruis verwerf het, deur die Heilige Gees in die verbond van die genade aan ons skenk. Die belydenisskrifte stel dat dit in die volgende volgorde gebeur: roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding van die heiliges en verheerliking.

### Wedergeboorte

Die woord wedergeboorte kan in die Skrif verskillende betekenisse hê:

1. Vernuwing van die hart (Joh. 3, Hand. 16:14)
2. Vernuwing van die hele lewe (afsterwing van die ou mens en opstanding van die nuwe mens - 1 Pet. 1:23). Dit is sinoniem met bekering as roeping van die mens (Titus 3:5).

3. Vernuwing van die hele skepping (Mat. 19:28)

Die belydenisskrifte gebruik in enkele gevalle die woord "wedergeboorte" as sinoniem vir bekering as roeping van die mens (betekenis 2 hierbo). Byvoorbeeld, NGB Art. 24 sê: "Ons glo dat hierdie ware *geloof* in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees; dat *die geloof* hom **weer gebore** laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die slawerny van die sonde bevry."

Meestal gebruik die belydenisskrifte egter "wedergeboorte" as die lewendmakende werk van God wat geloof voorafgaan (betekenis 1 hierbo). NGB Art. 34, wat gaan oor die doop, bely die volgende: "...en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwending in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons wat kinders van die toorn is, as kinders van God **weergebore** word."

### REDAKSIES:

#### Pretoria:

Redaktrise: Tanya de Vente  
Sekretaresse: Petra Ros  
Lede: Wilma Lubbinge  
Arjan van Houwelingen  
Marius Bijker  
Illustrasies: Alex van Houwelingen

#### Maranata:

Redaktrise: Cora Visser  
Penningmeesteresse: Linda de Vente  
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout  
Lede: Johan de Vente  
Thys van der Hout  
Elizabeth Aartsma

#### Kaapstad:

Redakteur - Sjirk Geerts  
Artikelversorger - Corrien Geleynse  
Artikelversorger - Carina van Alten  
Teksvorsorging - Sandra Scheltens  
Sekretaresse - Lieneke Eefting  
Finansies - Albert Drijfhout

#### Administrasie & uitleg:

Willemien Kleijn - willy\_k@absamail.co.za  
Arjan Bijker - bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.  
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Verder in NGB Art. 35, wat oor die heilige nagmaal gaan, word geleer: "...ons glo en bely dat ons Verlosser Jesus Christus die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds weerderbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het die wat **weergebore** is, tweërlei lewe in hulle; die een liggaamlik en tydelik..., die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die **tweede geboorte**, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God."

In die HK Antw. 8 staan dat ons heeltemal verdorwe is en glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en ook tot alle kwaad geneig is, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word.

In die Dordtse Leerreëls 1:6 lees ons: "God maak die harte van uitverkorenes ontvanklik en buig hulle om tot geloof, volgens sy ewige besluit. Hy laat die evangelie aan hulle uiterlik verkondig en verlig hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg kan verstaan en onderskei. Verder word deur die kragdadige werking van dieselfde Gees tot die binneste dele van die mens deurgedring, open Hy die geslote hart en versag Hy wat hard is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe en maak die dooie wil lewend, maak Hy ongewilligheid gewilligheid en ongehoorsaamheid gehoorsaamheid. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan dra."

Wedergeboorte in die algemene sin van die woord is dus die herskeppende werk van die Heilige Gees in die hart van ongelowiges. Die mens is passief en God werk dit in 'n mens om te kan glo. Wedergeboorte hoef nie noodwendig op 'n spesifieke plek of dag te gebeur nie. 'n Gelowige hoef ook nie te weet presies wanneer of hoe dit gebeur het nie. Dit gebeur ook nie vir alle mense op dieselfde manier nie. Dat dit gebeur het, is egter belangrik, want mens moet eers wedergebore word voor mens kan glo (kyk die orde van die heilsweg). Elke opregte gelowige is dus wedergebore.

## **Bekering**

Bekering word op twee maniere gebruik: bekering as God se werk en bekering as roeping van die mens. Bekering as God se werk is sg. primêre bekering. Roeping van die mens is die voortgaande bekering.

Bekering as roeping van die mens beteken 'n verandering in die **denkwyse** en **dade** van die mens. 'n Bekeerde dink anders - hy het van harte berou daarvoor dat hy God deur sy sondes vertoorn, en het 'n hartelike vreugde in die wil van God. Hy doen ook anders as 'n onbekeerde: hy haat die sonde, vlug daarvan af weg, en doen al hoe meer die wil van God (HK vr. en antw. 89 en 90).

'n Mens kan nie salig word word as jy in jou goddelose, ondankbare lewe volhard en jou nie tot God bekeer nie. Ware bekering bestaan uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (vr. en antw. 87 en 88). Die bekering is God se werk. Dit word in dieselfde sin as wedergeboorte gebruik.

In die Dordtse Leerreëls word daarop gewys dat bekering uitsluitend die werk van God self is: "...wat deur die verkondiging van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die wil van die mens toegeskryf word nie... dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering..." (DL 3,4:10).

## **Wedergeboorte, bekering en JY.**

As jy glo, is dit omdat God die wonderwerk van wedergeboorte in jou hart verrig het. God het jou geestelik lewend gemaak en aan jou geloof geskenk. Nou is daar in jou as gelowige se lewe daaglikse (selfs minuutlikse) bekering nodig om al hoe meer ons Vader in die hemel se wil te doen. Mag dit ook in die jeug van ons kerk se lewens blyk dat ons almal die sonde haat en daarvan wegvlug; dit nie elke keer weer opsoek nie. Dat ons die vrugte van die Gees dra: liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

# SONDAGSHEILIGING: HOE VUL ONS DIE SONDAG IN?

*Elisabeth Raimond*

Het jy al ooit iets opgeoffer ter wille van die Sondag? In die moderne lewe word Sondag maar net as nog 'n dag gesien, 'n dag om jou verlore slaap in te haal, 'n dag om skouhuise te gaan kyk, 'n dag om strand toe te gaan, 'n dag om die gras te sny of jou motor te was. Dit is so moeilik vir ons as Christene om te onderskei tussen wat ons wel mag doen op 'n Sondag en wat ons nie mag doen nie. Die Bybel gee ons nie baie riglyne nie en daar is ook nie regtig baie 'moets en moenies' wat mens kan vasstel vir 'n Sondag nie. Miskien moet mens gaan kyk na hoe jy wél op die Sondag kan besig wees in plaas van om te let op hoe jy nié moet besig wees nie en dan is dit ook makliker om te weet wat jy liever vir die ses ander dae van die week kan los.

## Waar kom die Sondag vandaan?

Heeltemal aan die begin van die geskiedenis het God, na aanleiding van die gebeurtenisse in Genesis 2, 'n rusdag ingestel. Hy het gerus en na sy voorbeeld moes die mens wat sy beeldraer is, ook elke sewende dag rus. Hierdie eis wat by die skepping ingestel is, bly vir alle mense van alle tye van krag, ten spyte van mense wat sê dat die wette ten opsigte van die Sondag verval omdat Christus teruggekom het.



Ons Sondag moet skerp onderskei word van die seremoniële Joodse Sabbat wat by Sinai ingestel is. Dié Sabbat het 'n geestelike rus afgeskadu wat in en deur Christus werklikheid geword het. Gevolglik is die Joodse Sabbat met die koms van Christus heeltemal afgeskaf, maar as plaasvervanger het ons die Sondag gekry. Dié verskuiwing het ook nie dadelik na Christus se koms plaasgevind nie, en tydens Christus se lewe op aarde het Hy self ook nog die Joodse Sabbat sterk onderhou. Dit is eers na sy dood, toe die voorhangsel geskeur het, dat die voorafskaduwing wat met die Joodse Sabbat saamgegaan het, beëindig is.

In Artikel 25 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis staan: ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuïenisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

## Die vierde gebod

Om in kort saam te vat wat die vierde gebod vir ons ten opsigte van die Sondag sê, is dat ons nie mag werk nie; ons moet die dag apart hou vir die Here en om Hom te heilig. Verder moet ons ook nie ander mense laat werk nie (dit is waar die idee vandaan kom dat ons nie op Sondae winkels toe gaan nie). In Sondag 38 blyk dit duidelik dat God wil hê dat die woordbediening in stand gehou moet word. Die beste is om vaste dienste te hê, heel eerste op 'n Sondagoggend en ook weer aan die einde van die dag, sodat jy die hele dag met die Woord van God besig kan wees. Ons moet as gemeente van God saamkom om sy Woord te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. As jy wil

weet hoekom ons op Sondag kerk toe gaan - dít is hoekom.

### **Wat mag ons op Sondag doen en wat nie?**

Die Sabbat is 'n teken daarvan dat God die Heiligmaker van Israel is: hulle moes geheel en al rus, sodat God in hulle kan werk. Dieselfde geld vir ons. Hy wil sy kinders vrystel van alle sorg om meer ongehinderd na te dink oor sy goedheid, geregtigheid, krag en wysheid soos dit uit sy skeppingswerk straal.

Ek het lank terug 'n slag vir my ma gevra of ek op Sondag my huiswerk mag doen. Sy het nie vir my 'ja' of 'nee' gesê nie. Sy het gesê: "Dit is nie 'n kwessie van of jy mag of nie mag nie, dit is so dat jy nie op Sondag jou huiswerk hoef te doen nie." Calvyn het in een van sy preke gesê: "As ons Sondag verander in 'n dag om lekker te lewe, 'n dag vir sport en plesier, hoe sal God daarop geëer word? Is dit nie 'n spottery en selfs 'n ontheiliging van sy Naam nie?"

Privaat ontspanning met die doel om ons kragte te vernuwe en wat ons Godsverering op Sondag nie in die wiede ry nie, is nie verbode nie. Daarvoor het God juis die Sondag ingestel - om te rus. Dit kom dus neer op 'n opbouende lewenstyl en -houding en nie op 'n eindelose vermenigvuldiging van moets en moenies nie. Christus het ons juis waarlik vry gemaak.

Om nou 'n direkte antwoord te gee op die vraag "Hoe vul ons die Sondag in?" kan ek net sê dat jy dit moet invul met dinge waardeur jy God vereer en deur nie te werk nie, want God het juis die Sondag ingestel as 'n rusdag. Geniet die Sondag, want dit is die enigste dag van die week waarop jy regtig oor niks hoef te stres of 'n klomp dinge hoef te doen nie.

### **Bron:**

Potgieter, F.J.M. 1982. *Sondag - hoe moet ons dit onderhou?* Kaapstad: NG-Kerk Uitgewers.

---

## TWEEDE BRIEF: AAN DIE GEMEENTE VAN SMIRNA

Openbaring 2:8-11

*Thys van der Hout*

Aan die gemeente van Smirna stel Jesus Christus Hom voor as die een wat dood was en lewend geword het. Jesus het uit die dood opgestaan as Oorwinnaar, daarom is ons meer as oorwinnaars deur ons Here Jesus Christus.

Hoe spreek hierdie gedeelte ons aan in die tyd waarin ons leef? Die kerk van Smirna was 'n martelaarsgemeente. Hulle is deurentyd vervolgd, gespot, gehaat en gedood. In dié gedeelte gaan dit oor die stryd tussen *lewe* en *dood*.

En tog is dit 'n boodskap aan die kerk van vandag. Jesus maak ons gereed vir wat nog met ons gaan gebeur. As die gemeente vandag nog bekommerd leef, dan skud Hy ons met hierdie brief aan Smirna wakker. Elke dag beweeg ons nader aan Christus se wederkoms.

Die stad Smirna was een van die groot handelstede van die Romeinse Ryk. Na die

verwoesting van Jerusalem in die jare 70 n.C., het duisende Jode daarheen gevlug om in hierdie stad besigheid te kom doen. Spoedig het daar 'n groot sinagoge verrys (vers 9).

Sodoende was dit 'n stryd vir die klein Christen-gemeente om *lewend* te bly. In hierdie situasie kom Christus self en vertel **vier** dinge van hierdie gemeente:

"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede - maar jy is ryk - en lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van Satan (vers 9).

God ken ons werke, ons aktiwiteite. Hy ken ons swaarkry; ook die bedreiging van die dood. Jesus se kruisdood en sy opstanding het 'n nawerking in die kerk. Maar Jesus troos ons ook met die woorde: "Kyk na my - Ek was dood, en het weer lewendig geword."

Maar ook armoede: hier sien ons die onderskeid tussen wat ons *besit* en wat ons

is, tussen skyn en wese. Die evangelie is ook vir almal, ryk en arm. Uit genade is ons deur die kosbare (duur) bloed van Jesus Christus gekoop, as slawe van die sonde deur God vrygekoop! Al word ons ook vandag belaster, moenie vrees nie. Ook onder die ergste verdrukking, tien dae lank - simbolies van `n volle tydperk - hoef ons nie te vrees nie. Ja, ons kan verseker wees van God se belofte: "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." Die boek Openbaring verdoesel niks. Ja, dit is ons elkeen se opdrag. Wees getrou tot in

die dood. "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood - die hel - geen skade ly nie."

Help ons mekaar in liefde? Leef ons opreg as ware Christene vanuit God se genade? Ja, hoe ryk is ons nou alreeds!

"Laat wie volhard in stryd en nood, getrou wees maar tot in die dood. En 'k gee hul as genadeloon Die onverwelkb're lewenskroon." [Skrifberyming 39:4]


Uit *Die boek Openbaring* - V.E. D'assonville



## STRYD TEEN PORNOGRAFIE

Na aanleiding van sprekersaand

Die dae dat pornografie op `n skelm video of in `n verslete tydskrif voorkom, is verby. Met behulp van die media (televisie, internet, ens.) word maklike toegang tot pornografie toegelaat. Baie mense swig hiervoor en dit kan lei tot verslaafde slagoffers.



Pornografie is maklik toeganklik. Dit is onpersoonlik, veilig en privaat. Die onpersoonlike beskikbaarheid daarvan is juis die rede waarom dit so toeganklik raak.

Veral internetpornografie is besig om al wyer oor die wêreld uit te span.

Pornografie ontmens en degradeer die vroue, mans en selfs kinders wat daarin uitgebeeld word tot seksobjekte wat net op **eie bevrediging** gerig is.

### **Wat is pornografie?**

*Porno graphia* beteken letterlik: die uitbeelding van prostitute se aktiwiteite met kliënte en is eintlik gekommersialiseerde prostitusie. Dit gee 'n **verdraaide** en **skewe beeld** van die seksuele, en prikkel op die lange duur hoofsaaklik mense wat geestelik en emosioneel ongesteld is en kontak met die werklikheid verloor het.

### **Hoe kry pornografie 'n houvas op jou?**

Die meeste mense se redes verskil, maar een van die grootste verskonings is: "Ek is per ongeluk ingesleep." Die oorgrote meerderheid sê dat hulle nie doelbewus betrokke wou raak nie.

As mense pornografie kyk, bring dit hulle meestal in 'n fantasiewêreld waar niemand ooit "nee" sê, weier, of hulle in die steek laat nie, of waar hulle nie bang hoef te wees vir verwerping of vernedering nie. Die vrou/man op die foto is nie "werklik" nie; dit is net inkruppels op die regte manier saamgevoeg of 'n elektroniese *pc-monitor* wat dit afvoer. Die pornografiekykers se verhouding met die persoon op die foto is ook nie werklik nie, dit bestaan net eintlik in hulle fantasiewêreld.

Pornografie is dus niks anders nie as 'n desperate poging om in 'n verhouding betrokke te raak sonder om regtig geken te word, of om die risiko's te neem wat ware intimiteit meebring. Maar God ken jou wel, selfs baie goed, en deur pornografie sal jy jou net laat wegbeweeg van die Here af.

### **Watter uitwerking het pornografie?**

- *Seks word alles:*

Omdat dit kompulsief en obsessief is, veroorsaak dit dikwels groot spanning. Seks word nie net die middelpunt van sulke persone se bestaan nie, maar kan hulle selfs dryf om dit wat vir hulle kosbaar en onvervangbaar is, op te offer ter wille van dié kortstondige bevrediging.

- *Isoleer die verslaafde:*

Omdat pornografie gewoonlik in isolasie gekyk word, lei dit tot emosionele afstomping, afsydigheid en verwydering tussen huweliksmaats, en indien die persone ongetroud is, tot wan- en/of ongebalanseerde kommunikasie met hulle naaste.

- *Emosionele warmte ontbreek:*

Omdat verslaafdes baie selfgerig is, lê hulle baie klem op die seksuele en min op emosionele ondersteuning en koestering. Omdat hulle vrou/man binne die huwelik hulle al hoe minder bevredig en aanstaan, raak pornografie dan al meer 'n ontvlugting. Dit is juis sulke gedragspatrone wat dit later vir verslaafdes baie moeilik maak om met dié gewoonte te breek.

- *Lei tot skuldgevoelens*

en nog baie meer....

Laat ons nou die Bybel as maatstaf na ons toe trek ...

Seks is deur God geskape en ingestel om die liefde, vreugde, eenheid en die gesin te bou in die huwelik. Seksuele onreinheid kom voor by wellus, waar selfsugtige drangbevrediging plaasvind deur middel van pornografie. Seksuele reinheid begin in 'n mens se gedagtes. As jy rein wil lewe, moet jy jou gedagtes bewaak en keer dat verkeerde gedagtes wortel skiet en vertroetel word. Sodanige fantasië is reeds die saad van 'n onsedelike daad. Ons moenie eers skrik as ons die onsedelike plant sien nie, maar as die saadjie in ons kop beland het, moet ons dit dadelik uitroei. Net mooi gedagtes wat tot God se eer is, mag toegelaat word.

Christene moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie, want hulle liggaam is die woonplek van die Heilige Gees en as daar seksuele onreinheid kom, vind daar ook geestelike besoedeling plaas. Ons liggame moet heilig bly, aan God gewy wees en geen vashouplek vir bose magte gee nie (1 Kor. 6: 15-20).

Vlug vir wellus en sondige begeertes en moenie daaraan toegee soos die mense wat nie Christene is nie. Leef heilig, want as jy plek gee vir hierdie sonde, verwerp jy nie

net God se Woord nie, maar ook vir God self (1 Tess. 4: 3-8).

God het die mens geskape met die oog op 'n monogame huwelik, een man vir een vrou, wat in 'n eenheid aan mekaar verbonde moet bly. As God toegelaat het dat 'n man en vrou in 'n eenheid saamgevoeg word, mag geen mens hulle skei nie. Pornografie bring huwelike in gevaar (Matt. 19: 4-9).

God het vir ons 'n groot geskenk gegee, waarom moet ons dit misbruik deur slegte gedagtes in terme van pornografie? Dit is tog nie 'n dankbewys van sy skepsele nie? Dus, moenie jou in die verleiding laat bring nie. Wanneer jy (of jou naaste) al in so 'n sondige valstrik getrap het, bid vir krag om daarteen te stry. Alhoewel dit nie oornag kom nie, moet jy geduld daarvoor hê en God as toevlug neem in jou stryd teen hierdie versoekings.

## SELFSTANDIGHEID

*Corrien Geleijnse*

Volgens die Handboek by die Afrikaanse Taal het die woord "selfstandig" die volgende betekenis - **1. onafhanklik; op eie bene staande.** Nou, ek weerhou my daarvan om hierdie skryfspasie aan te wend vir 'n taalles; my eintlike doel is om seker te maak dat die betekenis van die woord aan niemand verbygaan nie.

Geloofselfstandigheid is iets wat ons as jeug al hoe meer moet probeer verkry. Nie dat ek hiermee sê dat ons los van die gemeenskap van die heiliges moet gaan staan en so ons selfstandigheid verkry nie, o nee! Maar ons moet seker maak dat dit wat ons so maklik met die mond bely, inderdaad is wat ons met ons hele hart gló! Dat dit wat ék bely, inderdaad dit is waarin ek rotsvas glo, en waarvan ek oortuig is dat dit die waarheid volgens die Woord van God is. Ook Paulus maan in II Korinthiërs dat ons ons moet ondersoek of ons in die geloof is, dat ons onself op die proef moet stel volgens die Bybel.

Ek glo nie dit is moontlik om iemand te oortuig van die feit dat ons geloof die ware en enigste is, as jy nie self in jou hart oortuig is van die feite nie. Want dit is maar moeilik om met passie te praat oor 'n saak waarteenoor jy, dis dalk kras gestel, min of meer onverskillig staan. En diegene wat nie met oortuiging praat nie, sal niemand oortuig nie, nie eers hulself nie.



Ek kry dikwels die idee dat ons so maklik eggo's van ons ouers word, en selde hoor ek nog 'n gesprek oor die geloof waaruit die hartstogtelike oortuiging nog spreek. Gesprekke oor die Bybel, oor God en ons geloof het so lou geraak, so sonder vuur. En ek vra myself die vraag - het ons werklik kennis oor wat dit is wat ons glo? En wat dien as ons basis vir geloof? Die oortuigings van ons onderwysers in die geloof, en die opvoeding wat ons gehad het, of die Bybel alleen?



Miskien kom ons te min in aanraking met dinge wat ons geloof bedreig, sien ons te min van wat om ons in die wêreld aangaan. Leef ons straks met oogklappe op? Dalk hoor ons te min verskillende menings oor geloofsaspekte. Ons bestudeer die Bybel ons lewe lank nog uit net een hoek, en weier so maklik volstrek om dit uit 'n ander hoek te benader. Want om twee menings oor een en dieselfde saak te hoor, albei uitgespreek in die vaste vertrouwe dat dit volkome waar en reg is, dwing 'n mens om na die Bybel te gryp en die saak vir jouself uit te maak. Soos Asaf, biddend tot God om wysheid en insig om die waarheid te herken wanneer dit aan ons deur kom klop. *"Laat u hand wees oor die man van u regterhand, oor die menseun wat U vir Uself grootgemaak het. Dan sal ons nie van U afwyk nie; hou ons in die lewe, dan sal ons u Naam aanroep."* (Ps. 80: 18 en 19)

'n Geloof wat gebou is op 'n wankelrige fondasie is 'n geloof wat maklik wankel. Om

op ons eie bene te kan staan in die geloof, het ons kennis nodig. Kennis van God en die Bybel. Kennis oor wat ons glo. Want as ons van hierdie dinge nie so seker is nie, kan ons so maklik swik en val in die magtige stroom van dwalinge wat die wêreld die hele tyd om ons heen weef. Wie is dit immers tog wat waarsku: *"My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis..."*? Maar ons het ook die gemeenskap van die heiliges om ons te help om sterk te staan; laat ons dit nooit versaak nie! Laat ons mekaar help: laat dié wat sterk is, die swakkes in die geloof help om staande te bly (Rom. 13).

Al hoe meer kom ek agter dat om opreg om iets te bid en dit werklik van God te begeer, die een ding is wat my die meeste rus gee. Want in God se hande is my swakke geloof die veiligste, omdat Hy ons gee wat ons nodig het om staande te bly in die geloof. Alleen is ons nie in staat om onself te help nie, laat staan nog die ware geloof te verkry en te behou!

---

# Voel jy ook so?

---

## HOEKOM IS EK IN DIE WÊRELD?

*Chrisjan van Alten*

As 'n mens bietjie oplees oor die kerkvaders van lank gelede en van hulle toewyding aan die Here, kyk jy eintlik met skaamte na jou eie bietjie geloof. Dieselfde gebeur as 'n mens oplees en uitvind van sendelinge wat hulle lewens vir die Here offer.

Dit is mense wat die Here regtig liefier het as hierdie wêreld en wat hulle geloof in dade uitleef. Ons word weliswaar nie almal geroep tot sulke offers nie, maar almal van ons word geroep om God liefier te hê as die glans van die wêreld.

Hierdie verse in die eerste Johannes-brief konfronteer ons met die vraag of ons regtig ernstig is oor die geloof. As jy dit die eerste keer lees, val 'n mens maklik in die strik om

te dink dat die apostel Johannes ons hier vra om die wêreld te verag. Dat jy dink hy wil sê ons moet die wêreld sien as boos en net God se dinge as goed. Maar dit is nie heeltemal sy bedoeling in hierdie gedeelte nie. Om meer te verstaan wat hy bedoel, moet ons versigtig kyk en navraag doen oor die betekenis, wat nie so met die eerste lees duidelik is nie.

Kom ons vat byvoorbeeld die begrip "wêreld". Wat bedoel Johannes dan as hy die woord neerskryf? Die wêreld is die gebied waar die bose aan die werk is. Die wêreld is nie self die bose nie. Maar dit is tog die gebied waar hy opereer deur middel van die mag van sonde. Maar die wêreld is die plek wat God so liefhet dat Hy sy enigste

Seun daarvoor gee. Die wêreld is ook die woonplek van mense wat God nie ken nie en verlore gaan - die voorwerp van God se onverstaanbare groot liefde.

Die wêreld is ook die plek waar ons ons bevind. Ons kan net die wêreld ontvlug deur te sterf. Andersins is dit maar ons adres ook. Dit is juis in die wêreld waar ons die Here vind en dis hier waar ons ons geloof moet uitleef.

Dit is natuurlik nie moontlik om presies te verstaan wat Johannes bedoel het toe hy hierdie woorde oor die wêreldliefde geskryf het nie. Maar as ons sy geskryfte nalees oor sy gebruike van die woord, kan ons eintlik maar aanvaar dat die wêreld nie self sleg is nie. Wêreld volgens Johannes het moontlik iets te doen met liefdeloosheid en haat en ongehoorsaamheid aan God se Woord.

Nou kan ons begin praat oor ons teksverse: "Moenie die wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie." Ons Bybelvertaling het probeer om iets van die betekenis weer te gee deur in te voeg "die sondige wêreld." Maar dit staan natuurlik nie in die oorspronklike taal nie. Daar staan bloot wêreld. Hoe moet ons nou 'n liefde vir die wêreld verstaan? Die betekenis daarvan kry ons in vers 16.

Liefde vir die wêreld beteken dan dat jy vir die wêreld begin lewe. Jy begin om net te werk om meer en beter te kan besit. Jou lewe word gerig deur die standarde wat die wêreld aan ons stel en ons wil tog nie agterbly of uit wees by die spoggerigheid van die lewe nie. So word jy al meer afhanklik van die wêreld en dryf jy onvermydelik verder weg van God af. Wêreldliefde beteken nie noodwendig dat jy roekeloos begin lewe nie. Dit beteken dalk net dat God en jou naaste in jou besige program en afspraakboekie net so 'n bietjie afskuif. Jy word 'n slaaf van dinge of goed in ons wêreld. Daarom kan Johannes so 'n radikale ding sê: "As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie."

En net om sy argument verder in te slaan, sê hy ook dat hierdie wêreld met sy verleidelike dinge verbygaan, maar dat daar 'n ewigheid ingesluit is in die doen van God se wil. Johannes probeer nie sê dat ons die wêreld moet vermy nie. Hy pleit ook nie dat ons die wêreld moet ontvlug op een of ander manier soos deur ons in 'n klooster af te sonder nie. Maar hy wil ons waarsku dat daar 'n groot gevaar is in die wêreldliefde. Hy wil ons oproep om groter erns te maak met ons geloof en die uitlewing van God se liefde. Die lyn tussen wêreldliefde en wêreldbetrokkenheid is maar dun en dis moeilik om op die lyn te bly loop.



Om ons geloof uit te leef, vra dat ons betrokke moet wees by ons wêreld. Betrokke moet wees met God se liefde en met sy Evangelie van Verlossing. Die probleem is natuurlik dat ons ook hier moet leef en dit maak dit moeilik om nie te veel van jou geloof prys te gee nie. Wat dit nog moeiliker maak, is dat die wêreld ons haat as ons nie hou by sy standarde nie.

Ten slotte: wie het jy die liefste? Vir God of vir die wêreld? Dit moet ons nou vir onself gaan meet aan hierdie teks. Jy moet jou lewe langs hierdie teks gaan plaas en dat die Gees van God jou oortuig. Niemand anders kan dit vir jou doen nie. Solank ons maar onthou dat as ons ernstig oor ons geloof is, wys Johannes vir ons duidelik waar die klem moet lê in ons daaglikse lewe.

Bron - [www.ngkas.com](http://www.ngkas.com)

# 'N GROOT GELOOF

Lukas 7: 1-10

Pieter Bron

Om dit darem van jouself te hoor! 'n Kompliment van Jesus self: "So 'n groot geloof het Ek nog nêrens gevind nie." Miskien dink jy dalk: maar ek's darem nie so sleg nie; ek gaan al jare lank kerk toe en die Bybel is vir my die onfeilbare Woord van God. Of dalk dink jy: my geloof is glad nie so groot nie; ek gee te gou moed op, ek's so vinnig "in die put." Die Here voel partykeer so ver en jou vertrouwe is tog so min! 'n Groot geloof: dan sou jy mos baie blymoediger wees, baie meer kon beteken - in die kerk, maar ook daar buite!

Wat is 'n groot geloof? Daar is iets merkwaardigs in Lukas se verhaal - twee keer kry Jesus die versoek om iemand te genees.

- Eers 'n amptelike afvaardiging van die Jode: "Hy het dit regtig verdien dat U hom gesond maak." 'n Romein, wat selfs vir die Jode hulle sinagoge gebou het! 'n Mens moet darem so iemand in ere hou!
- Dan 'n paar vriende: "Here, moenie moeite doen nie, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie". Presies die teenoorgestelde van wat die Jode gevra het!



Vanwaar daardie Romein se nederigheid? Wat weet hy van Jesus af? Vanweë sy betrokkenheid by die sinagoge het hy waarskynlik wel iets van die Ou Testament af geweet. Dis opvallend hoe hy Jesus aanspreek: "Here" - soos 'n slaaf teenoor sy meester. Watter Romein praat so met 'n Jood? Dié man sien Jesus, soos God, ver bokant hom. En daarom het hy so 'n nederige houding van "ek is dit nie werd nie." Hy praat nie een oomblik oor sy eie

prestasies nie, maar rig al sy vertrouwe op die Here, want die Heilige Gees werk in hom.

En Jesus is verbaas. Hy draai skielik om en sê vir die hele groep wat hom volg: "So 'n groot geloof het Ek in die hele Israel nog nie gevind nie."

Lukas vertel niks oor daardie een woord wat Jesus sou moes spreek nie. Dit was nie meer belangrik nie. Belangrik was Jesus se verbasing: "So 'n groot geloof" - en dit vir 'n Romein, 'n buitestaander. Baie Jode het

dae lank gereis om maar net vir Jesus aan te raak, maar hoeveel van hulle het bely "Here, ek is dit nie werd nie...?" Wie sou nie graag so 'n groot geloof wil hê nie? Dis net, 'n groot geloof is nie dat ek sulke groot dinge presteer nie. Geloof is my hande ophou, afsien van my eie insette en net **reken op God se mag en trou.**

Ag, dit het ons lankal geweet: geloof is vertrou op die Here. Ja, maar 'n groot

geloof is nie dat mense na jou moet opsien nie, maar dat Jesus Christus in die hemel vir sy Vader sê: "Sien U ook daardie geloof van hom/haar? Hoe hulle TOTAAL op die HERE vertrou en reken?"

(’n vrye vertaling uit *Gereformeerde Kerkblad*, jaargang 52 no.12, van R.A. Houtman)

---

## PURIFIED

**Elizabeth Aartsma**

PURIFIED  
Michael W. Smith

Verse 1  
Where the angels see  
You are praised as You should be  
But how can I express  
My yearning for your holiness  
May it be (that)

Chorus  
I will open up my heart  
Search me in the deepest part  
And I will stand in cleansing fire  
By You, purified  
By You I'm purified

Verse 2  
Saviour of my soul  
To Your strength I yield control  
Purge me from my stain  
Sin will lose its mortal reign  
Make me free (and)  
You are Holy  
Yes You are Holy  
Chorus

Vir baie van ons is musiek baie belangrik. Dit speel 'n groot rol in jou lewe, want dit wek gevoelens op. Soos die ritme in die musiek, gee die musiek ritme in ons lewe. As ons na opgewekte musiek luister, voel ons opgewek; as ons na saai musiek luister, voel ons verveeld (of sit die musiek af).

In die lied wat hierbo neergeskryf is, *Purified* van Michael W. Smith, gaan dit oor die Here wat ons weer rein maak van ons sonde. Probeer gerus om dit in Afrikaans te vertaal. Ek weet nie hoeveel mense al die lied gehoor het nie, maar een feit staan vas: as jy die lied gehoor het, voel jy sommer weer opgewekter en vol moed, omdat jy weet die Here ook al jou sondes sal vergewe en jou sal rein maak.

Ons het 'n uitreikprojek in die afgelope Julie-vakansie gehad. Die doel was om vir minderbevoorregte kinders ook 'n ander manier van leef te wys. Dat die Here jou aanvaar soos jy is. So was daar ook 'n spreker wat hierdie lied vir die kinders gespeel het. Dit was doodstil in die saal en almal het geluister. Baie van die kinders het daarvan gehou en dit baie geniet, want in die lied skuil 'n genade waarna ons vandag ook mag verlang.

So het omtrent elke lied 'n boodskap. Hoe bly kan 'n mens raak met musiek wat laat jou dink aan die feit dat die Here jou vergewe en met jou is! En tog is Michael W. Smith

'n baie moderne sanger. Die boodskap in sy lied bestaan al baie lank, maar het net 'n nuwe jassie gekry. Laat ons daarom bly wees met die insette wat hy lewer en van musiek geniet.



## DASPOORT-UITREIKPROJEK

*Frans Hagg en Marlies Kleyn*

Op 'n koue wintersoggend klim daar 'n tiental mense op hul fietse en durf die pad na die weste van Pretoria aan. In treinformaat ry hulle verby die mense op die voetpaadjies wat hulle verbaas oor hierdie mal spul mense wat die winter so aandurf. Raai wat: dit is die "Daspoort-gang"!

Lank is daar beplan aan die Daspoort-projek. Vele vergaderings (en etes) en die uitreikprojek se wiele het begin rol. Vir die wat nie weet waarvan ons praat nie en die ander wat graag wil weet hoe die projek verloop het, sal ons graag 'n oorsig gee oor die projek en watter interessante dinge daar gebeur het.

Ons wil eers begin deur God ons Vader te dank vir die geleentheid wat Hy vir ons gegee het om die projek te kon doen. Sonder sy sorg, ondersteuning en bystand sou ons glad nie die projek kon doen nie. Aan Hom kom alle lof toe tot in ewigheid.

Soos ons alreeds gesê het, is daar al lank terug begin aan die beplanning van die projek. Alles het maar stadig gegaan in die begin, aangesien daar nog baie tyd was (of so het ons gedink). Ons het ongeveer een maal per week vergader. Maar gou het die tyd ons ingehaal en ons moes al harder begin werk. Nie dat dit 'n probleem was nie, want almal wat help reël het, het dit baie geniet.

### **Die organiseerders en betrokkenes**

Die dryfkrag agter die hele projek was Attie. Hy was die voorsitter van die bestuur en het baie aande ingesit en hard gewerk. Frans was die penningmeester en het die (groot!) verantwoordelikheid gedra om geld betyds by die regte plekke te kry en geen geld toe te laat om te ontsnap nie. Marlies was sekretaresse en het gesorg dat al die notules en papierwerk gou by almal uitkom. Alle uitnodigings, plakkate en ander klein maar

belangrike takies was Gerda en Elisabeth Aartsma se baby. Cornelis en Ruard het gesorg vir veral die Bybelstudies, borge en sprekers wat gereël moes word.

Ons kan beslis nie vergeet nie van ons twee bekwame kokke wat ons monde laat water en ons magies vol heerlike kos gevul het: Nicolas en Linda. Maar sonder die res van hulle bekwame kossplan, Marlene, Wilna, Mariette, Marita, Willemien, Marlies en Elisabeth, sou hulle nie so suksesvol gewees het nie. Dan was daar ook nog die groepleiers: Tanya de Vente, ons eie DJ (Marius de Jager), Marius Bijker, Gerda en Corny. Op hulle skouers het 'n groot taak gerus. Hulle was verantwoordelik vir die groepies en het veral 'n groot rol gespeel tydens die Bybelstudies. Alex en Magriet het ons ook nog bygestaan met toneelspel. Voorwaar Oscar-wenners, dié twee. Laaste, maar nie die minste nie, het ons selfs hulp uit die Kaap gekry. Sjirk het sy gesig hier kom wys en voor hy sy oë kon uitvee, was hy deel van die hele ding.

Willemien Kleyn en tannie Inge de Visser was ons raadgevers om ons te help waar ons vasgesit het. Tannie Inge het 'n aand voor die projek opgeoffer om al die jeug geestelik voor te berei vir die projek. Willemien werk by die CMR en ons kon onder hulle naam die projek aanbied.

Sonder die verskillende geldelike borge kon die projek nie plaasvind nie. Graag wil ons net hulle name noem: Afrit, Dreiers, Daspoort petrol garage, CMR en verskeie gemeentede. Verder het ons kosskenkings gekry van Shoprite en Makro het ons afslag gegee op ons aankope. 'n GROOT dankie aan al die borge!

## Die teikengroep

Die projek is gereël vir hoërskoolleerlinge uit die Daspoort- en Hermanstad-omgewing. Die meeste inwoners van die omgewing is arm en die kinders het geen vooruitsigte op studies of soortgelyke dinge nie. Van die kinders gaan nie meer skool toe nie en ander het verslawingsprobleme. 'n Mens sukkel om een persoon te kry wat die projek bygewoon het wie se ouers nog gelukkig saam is en waar daar vrede in die huis heers.

Hulle opkoms het van dag tot dag verskil. Die eerste dag het daar so 15 mense opgedaag. Maar toe daar die tweede dag heelwat minder mense opdaag, het ons die strate ingevaar om belangstellendes vir die volgende dag te nooi. Die resultaat van hierdie aksie was hoogs geslaag en die volgende dag het daar meer as 20 mense opgedaag.

Die meeste kinders het die week verskriklik baie geniet. Verally die jongeres, wat die gees van die kamp baie lewendig gemaak het, het die week baie geniet. Die lewendige Liza sal nie gou vergeet word nie, met haar vele name (sy het gereeld almal se naamplakkertjies kom steel) en haar crush op DJ.

## Die week se aktiwiteite

### Maandag

Maandagoggend het vol afgawing aangebreek. Die dag is afgeskop met 'n ice-breaker om die spanning te breek, sodat die kinders en jeug gemaklik met mekaar kon gesels. Almal moes hulself voorstel en ietsie van hulself vertel en daarna moes hulle in groepies verskillende aktiwiteite saam doen. Na die ice-breaker het ons die dag geopen met skriflesing en gebed. Die Bybelgedeelte het gepas by die tema wat die dag bespreek is, naamlik konflikhantering. Tanya het 'n minuut later ons half besimpeld laat skrik toe sy skielik haarself gewip het en uit die saal uitstorm. Ons dog ons sit toe met 'n groot probleem. Waarsku ons maar volgende keer dat jy toneel speel, oraait?! Van daar af het Erika Bijker oorgeneem met 'n baie interessante praatjie waaruit selfs ons eie jeug baie kon leer. Ons moes 'n klompie vrae beantwoord om daaruit te sien watter tipe persoon ons is (of ons katte, skilpaaië,

teddiebere, uile of haaië is) en hoe ons gewoonlik optree.

Na die lesing is ons dors geles met koffie of Milo, en 'n koekie of muffin het weer energie verskaf. Die kinders is toe in groepe opgedeel om 'n gedeelte uit die Bybel te bespreek. Daaruit kon hulle sien hoe God wil hê ons konflik moet hanteer. Dawid en Saul is o.a. as voorbeeld gebruik. Voorwaar 'n baie mooi voorbeeld van hoe vriendskap behoort te wees. Die Bybelstudie het nie vir almal so maklik gegaan nie. Een van die kinders het met 'n probleem na vore gekom, naamlik dat die persoon nie kon verstaan hoe ons sommer in God kan glo nie. Vanweë verkeerde persepsies oor die geloof het die persoon begin twyfel of God werklik bestaan. Hierdie persoon het jammer genoeg net die eerste dag bygewoon en nie weer teruggekome nie. Maar ondanks die probleme het die groepleiers tog werklik weer stilgestaan by God se groot genade in ons lewens. Ons het weer almal beseft hoe geseënd ons is met ons Christelike opvoeding.

Ons grommende magies het teen daardie tyd gesê dis nou regtig tyd om te eet. Na 'n heerlike maaltyd (dankie kokke!) het ons weer energie gehad vir 'n aksie-belaaië middag. Die middag het ons het die kerk se dak amper gelig en ek dink die tannies langsaan hoofpyn gegee met 'n baie raserige, maar lekker drumming-sirkel. Almal het 'n Afrika-drom gekry en 'n oom het ons gewys hoe om die drom te slaan en verskillende ritmes te speel. Na die drumming-sirkel het die kinders nog koeldrank geniet en toe's dit maar bye-bye vir die dag.

### Dinsdag

Dinsdag was 'n dag vol nuwe idees en kreatiwiteit. Oom Phil van Rooyen het oor entrepreneurskap gesels. Hy het kortliks vertel hoe om 'n nuwe besigheid(jie) te begin en waarna gekyk moet word. Tussendeur het ons koppe gekrap met sy raaisels wat ons 'anders' moes laat dink. So by the way, hoeveel verskillende dinge kan julle met 'n skuifspeld maak? Die Bybelstudie daarna het handel oor die gelykenis van die 10 talente. So het hulle geleer hoe God wil hê ons met ons geld en gawes moet omgaan. Vir middagontspanning

(of liewers -inspanning!) het ons verskillende raaisels en take in groepe uitgevoer. Dis nogals interessant om te sien hoe gou die kinders aanleer om kreatief en op 'n breër vlak te dink.

### Woensdag

Oom Toby Visser het Woensdag oor dwelms en alkoholmisbruik met ons kom praat. Dit was 'n insiggewende praatjie, al het hy so nou en dan oor die kinders se koppe gepraat. Verder het hy 'n video oor dwelmmisbruik gewys. Die Bybelstudie het gehandel oor o.a. die bruilof van Kana waar Christus die water na wyn verander. Daarmee wou ons veral vir die kinders wys dat alkohol op sigself nie verkeerd is nie, maar die misbruik daarvan wel verkeerd is. In verband daarmee is verskeie tekste uit Spreuke ook bespreek. Die ontspanning dié middag het dit 'n onvergeetlike dag vir baie kinders gemaak. Hulle het hul gate uit geniet op 'n klimmuur en met boogskiet. So iets het hulle nog nooit in hul lewe gedoen nie!

### Donderdag

Die volgende oggend het tannie Inge de Visser 'n baie boeiende en leersame praatjie oor seksualiteit en verhoudings gehou. Uit party meisies se reaksie kon jy sien dat hulle aan die dink gesit is juis omdat dit baie prakties en maklik was om op hulle eie lewens toe te pas. Tannie Inge het ook mooi vir ons gewys wat die Bybel ons oor verhoudings leer. Dit was baie duidelik dat die beste manier om 'n verhouding te bou, is om dit op grond van die Bybel te doen.

Daarna het ons Bybelgedeeltes bespreek, soos o.a. die Samaritaanse vrou by die waterput vir wie Jesus die water van die lewe aanbied. Hy het die vrou se geskiedenis geken en haar tog gehelp plaas van verwerp. Die Bybelstudies het teen hierdie tyd ook lekkerder verloop. Almal het mekaar begin vertrou en sommige mense het selfs met hul persoonlike probleme na vore gekom. Veral probleme met verhoudings tussen ouers en kinders, sussies en boeties en vriende is bespreek. Die Bybelstudies is gereeld gebaseer op die drie dele van die HK, naamlik sonde, verlossing en dankbaarheid. Die groepleiers het egter ook agtergekem hoe min kennis die mense het. Meeste van hulle het nie geweet waar die verskillende Bybelboeke is nie. "Is Johannes

in die Ou of Nuwe Testament?" is 'n tipiese vraag wat hulle gevra het. Alweer beseft 'n mens hoe bevoorreg ons is om sulke dinge al van kleins af te kon leer.

Twee forumtonele dié middag het gesorg vir baie gelag en fun. 'n Paar talentvolle akteurs onder ons jeug het tonele uitgevoer waarin 'n hele klomp verkeerde situasies uitgebeeld word. Die kinders moes self die toneel stop, een van die toneelspelers se plek inneem en dan die situasie verbeter. So kon hulle self aandui hoe hulle dink 'n situasie reg hanteer moet word. Dit het gesorg vir 'n paar welverdiende klappe, né Alex! Die kinders het dit baie geniet en 'n mens kon sien dat hulle al heelwat geleer het in die week.



### Vrydag

Voor ons kon agterkom, was dit al die laaste dag van die projek. Die kinders was weer die ene ore vir Erika, wat hierdie keer die kinders ingelig het oor VIGS. Sy het dit baie prakties en eenvoudig gehou, sodat hulle kon leer hoe VIGS werk, die simptome daarvan en wat gedoen kan word om dit te voorkom. Daarna het Attie 'n samevatting van die week gegee.

Ons moet dit tog ook noem: vir middagetete is 'n heerlike driegangmaaltyd aan ons bedien. Die hoofgereg - potjiekos met rys - is voorafgegaan met vrugteslaai en ons kon dit afsluk met lekker roomys en sjokoladesous. Voorwaar 'n koningsmaaltyd! Meeste kinders dog net dis jammer 'n mens kry nie seconds by nagereg nie. Die middag het ons bietjie rooiheid op ons bleek wangetjies gekry met 'n paar aksie-belaaide games broomball. Met wonderbaarlik min beseringsgevalle en 'n baie moeë, maar gelukkige klomp kinders kon ons die week toe afsluit.

### Saterdag

Die Saterdag het ons 'n gemeenskapsdag (so iets soos 'n basaar) vir die hele gemeenskap gereël. Ondanks die pamflette wat orals die vorige week uitgedeel is en die plakkaat wat opgehang is, was die opkoms nie soos ons verwag het nie, maar ag wat, almal wat daar was het dit baie geniet. Die polisie het 'n dwelmsuitstalling gehad en Tukkies se VIGS-sentrum was ook daar om die mense meer oor VIGS te vertel. Die jeug kon weer die klimmuur uitklouter en al hulle frustrasies op mekaar uitslaan met die kussinggeveg.

### Opmerkings ter afsluiting

Aan die einde van die week kon ons net met dankbaarheid terugkyk op 'n baie suksesvolle week. Ons dank God vir die geleentheid wat Hy vir ons gegee het om ander te mag help en om self ook baie te kon leer. Na so 'n week besef 'n mens net weer hoe bevoorreg ons is met soveel voorregte wat ons gewoonlik as vanselfsprekend aanvaar. Dinge soos ouers wat mekaar liefhet, Christelike opvoeding by die huis en die skool, vriendskappe waar die geloof bespreek kan word en die geleentheid wat meeste van ons het om te kan swot en selfs net skoolgaan is alles groot voorregte. Daar is so baie wat ons het en baie ander mense nie het nie. Laat ons God dank en loof vir al die seëninge wat Hy so oorvloedig aan ons skenk.

Laastens vra ons aan almal om die kinders wat nie so bevoorreg is soos ons nie, in julle gebede aan die Here op te dra en vir Hom te vra om ook sy hand oor hulle te hou.



## Deur die sleutelgat

Pure fiksie. Geen gedeelte van hierdie aflewering van die Sleutelgat moet as waar aanvaar word nie. Enige ooreenkoms met persone lewend of minder lewend is pure toeval.

Die DDS-afdeling van die jeug, oftewel die doen-dit-self-afdeling van die jeug, is inderhaas deur ds. Nicholson ontbied weens verstopte geute. Sekondes na die noodoproep gaan daar, net soos in talle ander normale middelklashuishoudings, 'n flitsende rooi lig gekoppel aan 'n naderhand irriterende alarm in die buitekamer van Nantesslot 6 af. Broeder Alfred Haak is besig met die belangrikste *prac* van sy lewe

as student; dit is maak-of-breek-tyd. Die soldeerapparaat in sy hand tref millisekondes daarna die grond, en enkele sekondes later is *The Fred* in sy geel Haak-mobiel met skreeuende bande onderweg. Met sy rooi Switserse sakmes in sy linkerbroeksak, spaar botteltjie L'Oréal-haargel ("Modder in geute is nie 'n verskoning om 'n *bad hair day* te hê nie," sê hy altyd) in die regter een en geklee in sy Kongres 2000 T-hemp, is hy gereed vir enige modder. Binne die bestek van 1 uur 7 minute is ds. Nicholson se geute moddervry, met die ligte geur van jasmyn. Sonder om een keer in sy truspieëltjie te kyk, is ons held weer op pad terug na sy huis in



Nantesslot 6 en sy nederige bestaan as Elektroniese Ingenieurswese-student aan die Kaapse Technikon (en modderuithaler van formaat). Maar daar bruis ongemak in die Haak-gesin se huis. Ongemak met die soete smaak van afwagting daarby. Ons held se bestaan as DDS-agent is in gedrang. Sy broer (en jeug se gemene weldoener) Jaco Haak is op pad terug van sy verblyf in Nederland. Die bestek van sy besoek oorsee is natuurlik konfidensieel. En saam met die voorraad drop en gemmernoten neem hy ook 'n aantal sensitiewe sake saam terug. Wie sal die geel Haak-mobiël ry, wie gaan die buitekamer benut, en meer belangrik, wie sal die laaste koekie kry by die Sondagmiddagkoffie? Om te hore te kom hoe ons held hierdie alledaagse sake hanteer, asook 'n paar hartsake, lees die volgende uitgawe.

3 onderbroeke, 2 langbroeke, 1 T-hemp, 1 langmouhemp, 'n Angorawoltrui, 3 paar sokke, een paar sokkerkouse, 'n paar broekiekouse. 'n Koppie warm sjokolademelk, 'n warmwaterkruik en 'n *gumguard*, en jy sal dalk nie in jou slaap verkleum nie. Wees voorbereid. Die winter is 'n vabond. 'n Rampokker wat die speekselkliere in jou mond sal laat vries. Die snerpemde koue kan ook sekere ander nuwe-effekte hê. Jy kan dalk gedrag toon wat ietwat verdag is, soos om 07:00 op 'n Saterdagoggend op te staan. Vir minder lui mense en mense wat nie al hulle hele lewe lank in Siberië bly nie, kon dit dalk die moeite werd wees. Jan en Albert was, soos

ek dit verstaan, die breins agter hierdie gewaagde plan. Alle terugvoer dui daarop dat die sneeuzyk-ekspedisie na Ceres wel die moeite werd was.

*"Bring back, oh bring back, oh bring back my Corrien to me, to me"*. Jip, die dag wat talle jonge heer in die Kaap-provinsie gevrees het, het aangebreek. Corrien is oorsee. Corrien se *South African dream* het plotseling vergaan; sy het dit verruil vir die *American* een. Darem nie vir goed nie. Haar reistassie het haar paspoort, vliegkaartjie en 'n verdagte pakkie wit poeier bevat. Sy beplan om groot te gaan in die VSA, te leer *surf* en met 'n groot koffer vol klere terug te kom. Die hele idee agter 'n vliegkaartjie is natuurlik dat jy die ding saamvat as jy gaan. Corrien het dit met skok agtergekom toe sy op Johannesburg Internasionaal staan - 'n bietjie te laat. Die man by die doeane wou ook nie haar woord vat nie; wat het geword van blindelinge vertrouwe? Miskien moes sy nie dié dag haar nuwe wit tulband gedra het nie. Nou ja, sy kon dit darem regkry om die volgende dag te vertrek.

Verder het daar ook enkele verjaarsdae plaasgevind. Carina het 21 geword en het daarvoor gesorg dat die jeug hierdie dag vir toekomstige jare nooit sal vergeet nie met 'n opstopper van 'n partytjie.

Dankie vir u samewerking.  
Die Sleutelgatloerder

## Voetspore

Na 'n stiltetyd in die Voetspoor-bedryf weens die internasionale uitgawe van die *Olielamp*, is daar gevolglik nogal 'n paar dingetjies wat gebeur het in Pretoria die afgelope tyd. Eerstens word daar net gou in herhaling verval, want elders in hierdie blad het ons broeder Frans en sy beminde Marlies al daarvoor geskryf, maar aangesien niemand daarvoor kan stilbly nie en daar selfs al oor *re-unions* gepraat word, is dit seker nogal van pas om dit weer te noem: die Daspoort

uitreik-aksie. Eerstens moet daar tog melding gemaak word van Sjirk wat seker die verste uitgereik het: eers van Bellville na Dunwoodielaan - en dit is nogal 'n afstandjie hoor - en dan daarvandaan kerk toe, waarna hy op sy fiets heeltemal Daspoort toe gery het. Sjirk het sy tydjie in Pretoria oënskynlik ook nogal geniet, want sy terugkeer na die Kaap van Goeie Hoop is verskuif en volgens my onbetroubare geheue nog 'n keer verskuif ook. Seker die moeite

werd ... Mens moet natuurlik ook nie dink dat hy vir die uitreik na Daspoort hierheen gekom het nie. Die ware rede vind mens in Dunwoodielaan.

Nog 'n ander Kapenaar was hier, en dit was die gevreesde Albert Pieter Drijfhout, kortweg bekend as Ap, en in volle glorie bekend as die meesterbrein agter die wêreld se akademie. Hy het hier bietjie by sy nefie Ertjie (oftewel Cornelis Dawid Hagg) kom kuier, en dit het hom seker in sy vrye tyd geamuseer, maar volgens sy eie woorde was die res van sy verblyf vervelig. Indien mens in ag neem dat die Raad van Wyses, die Filosofiese Akademie van Athene en die Goue Meesters der Wiskunde nie in Pretoria gesetel is nie, kan mens seker verstaan. Vir ons - armsalige nie-intellektuele sukkelaars - was dit egter heel interessant dat Ap hier was. Want hiermee het ons in Pretoria uiteindelik ook kennis gemaak met die kwantumfisika, die relatiwiteit van die relatiwiteitsteorie en allerhande ander dinge, wat ons maar vir Cornelis D. Hagg moet vra, omdat hy seker die meeste van die wysheid aangehoor het.

Die einde van die jaar sluip nader en dit sien mens hoofsaaklik aan twee dinge: Iwan, Marita en Johan se pragtige "prefek-balkies" wat op hulle baadjies pryk en alle ontsag by hulle toehoorders inboesem, en dan Linda se *smile* wat groter en groter word. Mens moet natuurlik die Linda-gedrag goed definieer en

verstaan: eerstens het sy al vanaf iets soos graad 10 begin met sinne soos "Nog net 950 dae skool" en "Nog net 135,71429 weke skool" (goed, hierdie twee sinne beteken dieselfde, maar Linda wou die lewe vir haar gespreksgenote makliker maak). En nou is dit regtig so ver. Maar wat Linda nie besef het nie (of dalk net manmoedig verberg het), is dat sy nou in haar ergste uhhmm ... Linda? dae van skool is, want hoor nou vir my - so ervare: die rekordeksamen is erg! Sterkte in elk geval vir haar en alle ander Matrieks wat besig is met die eksamen der eksamens.

Onlangs het die JS 'n speletjiesaad/-nag gereël en dit het weereens sekere mense se talente laat deurskemer. Of dit was die ontmaskering van die mense wat die hele dag net rekenaar speel, en ons praat nou van broeder Jan Lubbinge en sy broeder Jako. Hulle het naamlik die MotoCross-bane gedomineer (indien Hilda en Marita nie soos gekke gejaag het nie). Maar die ware, ongeslypte diamant in rekenaar*games* is Reinhart. Aangesien hy hom die heeltyd voor die einde van die wedstryd uit die resies onttrek het, kan hy homself nou met reg Jos Verstappen noem. En wie kan nou hierby kom?

Geniet die volgende Voetspoor-waardige tydjie  
Voetspoor



IETS

## MENINGSOPNAME 2003

*Linda de Vente*

Soos dit enige publikasie betaam, was dit tyd vir die *Olielamp* om bietjie "marknavorsing" te doen. Junie vanjaar is daar meningsopnames na die jeug in die gemeentes uitgestuur. Die hoofdoel van die opname was om te bepaal wat almal van die nuwe uitleg en voorkoms van die *Olielamp*

dink. Die antwoorde is nou verwerk en lees gerus hoe die *Olielamp*-lesers oor die *Olielamp* voel.

**Wat dink jy van die *Olielamp* se nuwe uitleg en voorkoms?**

**Dink jy die Olielamp beweeg in die regte rigting?**

**Waar moet die Olielamp verbeter?**

**Watter tipe artikels wil jy in die Olielamp lees?**

**Wat dink jy van Sleutelgat/ Voetspoor?**

**Is artikels verstaanbaar en relevant?**

**En nog vele meer...**

Met bogenoemde vrae het die *Olielamp*-redaksies die jeug van Pretoria, Pretoria-Maranata en die Kaap voorgekeer om elkeen hul mening te lug.

Na 'n samevatting van almal se menings kon ons bepaal wat die jeug van die jeugblad "*Die Olielamp*" dink.

Die nuwe uitleg en voorkoms word gesien as oorspronklik en professioneel. 98% is baie positief oor die nuwe voorkoms. 'n Paar hou nie van die simbool nie, sommiges het die uitleg nie eers raakgesien nie. Die meeste mense hou van die illustrasies en dink dit pas goed by die onderwerpe van bespreking.

Die inhoud van artikels word as goed beskou, alhoewel daar gevra word vir meer aktuele, sinvolle artikels oor die jeug se daaglikse probleme en artikels wat hulle lewe positief kan verander. Te min in-diepte artikels kan 'n leë inhoud tot gevolg hê. Party mense vra ook dat daar 'n groter verskeidenheid artikelskrywers moet wees.

Die jeug is spesiaal gevra om die inhoud van Sleutelgat, Voetspoor en boekresensies te beoordeel:

Sleutelgat en Voetspoor se inhoud word deur die helfte goed gekeur en deur die helfte afgekeur. Dié artikels word as te lang beskou in verhouding met ander artikels. Die *Olielamp* het besluit om die Sleutelgat en Voetspoor in die toekoms te verkort. Diegene wat hierdie artikels afkeur, vra na 'n beter inhoud en groter verskeidenheid.

Boekresensies word deur die meeste goedgekeur. Daar is 'n vraag na meer Christelike lektuur wat jou kan opbou in die geloof.

Oor die *Olielamp* in die algemeen is daar enkele klagtes oor uitgawes wat te laat uitkom of sekere uitgawes wat 'afgeskeep' word. Die *Olielamp*-redaksies wil die jeug

aanmoedig om hulle artikels asseblief betyds in te gee; dit sal laat uitgawes voorkom. Daar is ook 'n voorstel vir meer tema-uitgawes: voorstelle vir tema's is baie welkom.

Artikels wat oor die algemeen eerste gelees word, is *Voetspoor* en *Sleutelgat*. *Redaksioneel* en *Voel jy ook so?* staan tweede op die lysie vir volgorde van artikelaantreklikheid.

Die grootste aantal van die jeug lees die *Olielamp* as hulle dit iewers sien lê of lees net 'n paar artikels wat aantreklik en interessant lyk.

Die probleme wat in hierdie meningsopname uitgelig is, word deur elke redaksie bespreek en sal ook op die bosberaad aan die einde van die jaar bespreek word. Daar sal dan besluit word op riglyne hoe die *Olielamp* nog meer kan verbeter en 'n nuttige hulp in ons daaglikse geloof wees.

Deur middel van die *Olielamp* wil ons God die Vader, die Seun en die Heilige Gees beter leer ken om God se Koninkryk op te bou in die kerk, samelewing en skepping. Ons wil spesifiek die geloof van die jeug opbou en die gemeenskap van die heiliges bevorder. Kommunikasie met ander gemeentes se jeug word ook deur hierdie blad bewerkstellig en bevorder.

As jy enige probleme met die *Olielamp* ondervind, is jy welkom om met jou redaksie te gaan praat, of nog beter, stuur 'n skriftelike opinie. Ons wil ons foute graag verbeter.

Maar nou die belangrikste en grootste vraag van/aan almal!

**Wil jy nie dalk 'n *Olielamp*-artikel skryf nie?** Miskien is dit jou artikel wat die verskil maak in die volgende uitgawe! Deel jou kennis of opinie met jou mede-jeuglede. Indien jy twyfel oor hoe jy te werk moet gaan - die riglyne vir artikels skryf is onlangs opgedateer en enige redaksielid sal dit vir jou kan gee of e-pos. Ons wag vir jou artikel...

Dankie vir julle vriendelike samewerking met die voltooiing van die meningsopname. Die *Olielamp*-redaksies landswyd

## VERJAARSDAE

Baie Geluk!



### Bethal

Leclue Nienaber	12-Sep
Eugene du Preez	13-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep
Marizelle Bisset	08-Okt
Le Roï Nienaber	30-Okt

### Johannesburg

Eunice <i>Boessenkool</i>	27-Sep
Talita <i>Boessenkool</i>	04-Okt
Celeste <i>Boessenkool</i>	11-Okt
Theo <i>Boessenkool</i>	13-Okt

### Kaapstad

Lieneke Eefling	03-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep
Jan Geerts	12-Okt
Annemarie Eefling	13-Okt

### Maranata

Reinier Raimond	15-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Hester vd Meulen	27-Sep
Marinus Boon	15-Okt
Johan de Vente	16-Okt
Johannes Bosman	26-Okt

### Pretoria

Hilda Middeljans	03-Sep
Liza de Vente	04-Sep
Marius de Jager	08-Sep
Sjaak Hagg	12-Sep
Magriet Smit	19-Sep
Alex v Houwelingen	01-Okt
Adriaan Aartsma	05-Okt
Erik Bosker	09-Okt
Antoine Theron	20-Okt
Ronald Kamphuis	27-Okt
Arjan Bijker	28-Okt

# gedigte

## Weggegooi

Ek gooi my bordjie weg,  
maar dit word weer om my nek gehang;  
sodat almal kan sien en weereens oordeel  
en nooit vergeet en vergewe.

Miskien lê ek ook op jóú vullishoop:  
afgeskryf, weggegooi, vuil.

Waarom tog?  
Kom haal my terug!  
Ek is ook, soos jy,  
'n kind van die God  
wat jou nie weggegooi het nie.

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

9 Oktober